# P O L E, TSEGGIESE REPUBLIEK &
# D U I T S L A N D

## 12 – 25 SEPTEMBER 2022

Kom beleef ***Pole, die Tseggiese Republiek en Duitsland*** op ons 14-dae bustoer teen die spesiale groepstarief van **R39 990** per persoon. Ervaar die hartseer van die Auschwitz-konsentrasiekamp tot die vreugde van een van die mooiste stede in die wêreld, Praag.


## Reisplan

**Dag 1: Maandag, 12 September** **KAAPSTAD/JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vanaf Kaapstad en Johannesburg na Berlyn. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Dinsdag, 13 September** **→ BERLYN**
Na 'n vroeë ontbyt land ons in **Berlyn**, die hoofstad van Duitsland. Ons ontmoet ons Duitse toergids vir die volgende twee weke en reis per bus na ons sentraalgeleë ***Best Western Plus Plaza Kurfürstendamm Hotel***, waar ons die volgende drie nagte oorbly. Daar is tyd om uit te pak en 'n bietjie te rus. Om 15:00 kom ons in die hotel se voorportaal bymekaar om die gewilde Kurfürsterdamm-area te verken. Verwelkomings-aandete om 19:00 in ons hotel.

**Dag 3: Woensdag, 14 September** **BERLYN**
Na ontbyt vertrek ons op 'n ses-uur besigtigingstoer van hierdie interessante stad. Sien die hoogtepunte van **Wes-Berlyn** (onder andere die *Brandenburg Gate*, *Ku'Damm, Tiergarten, Victory Column, Reichstag building, the site of the Hitler Bunker* en die interessante *Memorial to the Murdered Jews of Europe*) en **Oos-Berlyn** (*Potsdamer Platz*, die Berlyn-muur, *Checkpoint Charlie*, Alexanderplatz, die Museum-eiland en so meer). Toegangsgeld vir die *Checkpoint Charlie Museum* is ook ingesluit. Aandete in ons hotel.

**Dag 4: Donderdag, 15 September** **BERLYN → POTSDAM → BERLYN**
Vertrek na ontbyt vir 'n halfdag-ekskursie na **Potsdam**. *Potsdam is the capital and largest city of the German state of Brandenburg. It directly borders the German capital, Berlin, and is part of the Berlin/Brandenburg Metropolitan Region. It is situated on the River Havel some 25 kilometres southwest of Berlin's city centre.*
Besoek onder andere die *Schloss Sanssouci* (toegangsgelde ingesluit). Ons het vanmiddag vrye tyd vir verdere besigtiging/inkopies in Berlyn.



**Die *Brandenburg Gate* in Berlyn**



**Martin Luther se standbeeld in Wittenberg**

**Dag 5: Vrydag, 16 September** **BERLYN → WITTENBERG → DRESDEN**
Na ontbyt reis ons vir ongeveer 100 km suidweswaarts van Berlyn na **Lutherstadt-Wittenberg**. Protestantisme is gebore in hierdie dorp. Sien die *Schlosskirche*, waar Luther die geskiedenis verander het deur sy 95 stellings teen die kerkdeur vas te spyker. Luther is ook in die kerk begrawe. Ons besoek ook die *Stadtkirche St.Marien*, waar Luther dikwels gepreek het. Op pad soontoe sien ons ook die besondere standbeelde van Luther en sy vriend, Philipp Melanchthon.
Ons reis verder vir ongeveer nog 100 km suidooswaarts tot in **Dresden**. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Maritim Dresden Hotel***, geleë op die oewer van die Elbe-rivier. Dié besonderse hotel is geleë in die gerestoureerde eertydse Erlweinspeicher-pakhuis en boonop sentraalgeleë naby die hoogtepunte van die stad. Aandete om 19:00 in die hotel.

**Dag 6: Saterdag, 17 September** **DRESDEN → LEIPZIG → DRESDEN**

Na ontbyt maak ons behoorlik kennis met hierdie hoofstad "*of the Free State of Saxony*" met ons ses-ure besigtigingstoer. Ons begin met 'n staptoer van die manjifieke stadskern. Sien die Frauenkirche (*Church of Our Lady*), Zwinger-paleis en Semper Operahuis (toegangsgelde ingesluit). Daarna besoek ons die ou stad en sy monumente.

Vanmiddag reis ons na **Leipzig**, en die sien die hoogtepunte van die stad. *Leipzig's love affair with music stems from its connection to the lives and work of Bach, Mendelssohn and Wagner.* Ons keer terug na ons hotel in Dresden vir aandete.



**Die besondere *Frauenkirche* in Dresden**



**Raak verlore in die ouwêreldse sjarme van Wroclaw!**

**Dag 7: Sondag, 18 September** **DRESDEN → WROCLAW**

Na ontbyt moet ons Duitsland groet. Ons ry ooswaarts na die grens met Pole en verder na **Wroclaw.** Vanmiddag vertrek ons op ons besigtigingstoer van hierdie interessante stad met 'n plaaslike toergids. "*Throughout its turbulent history this city on the Odra River – the former German city of Breslau – has taken everything invaders could throw at it, and survived. Badly damaged in WWII, it was artfully rebuilt around its beautiful main square, with an intriguing complex of buildings at its centre."*

*Wroclaw* is ook bekend as die Venesië van Pole aangesien dit geleë is by die samekoms van vier riviere, wat twaalf eilande in die stad vorm. Die eilande is verbind met meer as 120 brûe! Oornag en aandete in die vyfster ***Radisson Blu Hotel***, geleë in die hartjie van die stad.

**Dag 8: Maandag, 19 September** **WROCLAW → AUSCHWITZ BIRKENAU → KRAKOW**

Na ontbyt vertrek ons na **Auschwitz Birkenau**, waar ons stop om die berugte voormalige konsentrasiekamp te besoek (toegangsfooie ingesluit). "*It was established by the German military occupiers in 1941 and is a grim reminder of a part of history's greatest genocide, the killing of more than a million people here in the pursuit of Nazi ideology. Now it's a museum and memorial to the victims*."

Daarna reis ons ongeveer 40km ooswaarts na **Krakow**, waar ons die volgende twee nagte oorbly in die baie sentraalgeleë ***Golden Tulip Krakow Kazimierz Hotel*** in die historiese Kazimietz-distrik. Aandete om 19:00 in ons hotel.



***Krakow* word beskou as die juweel van Pole!**

**Dag 9: Dinsdag, 20 September** **KRAKOW → WIELICZKA → KRAKOW**
Na ontbyt vertrek ons op ons besigtigingstoer van hierdie bekoorlike stad met sy besonderse Gotiese en Renaissance argitektuur. "*A unique atmosphere wafts through the attractive streets and squares of this former royal capital. From the vast Rynek Glowny, Europe's largest medieval market square, to the magnificent Wawel Castle on a hill above the old Town, every part of the city is fascinating*." Toegangsgeld vir die Wawel-kasteel is ingesluit.
Vanmiddag ry ons 14 km suidoos van Krakow na **Wieliczka**, vir 'n besoek aan die interessante soutmyn-kompleks (toegangsfooie ingesluit), wat reeds vir meer as 700 jaar aaneenlopend in gebruik is.

**Dag 10: Woensdag, 21 September** **KRAKOW → KROMERIZ → BRNO**
Na ontbyt reis ons sak en pak na die Tseggiese Republiek. Ons stop by **Kromeriz** vir besigtiging. Geniet die blommetuine op pad na die Aartsbiskop se paleis ('n UNESCO wêrelderfenis-gebied). Daarna besoek ons 'n wynkelder om vier plaaslike wyne te proe (toegangsgeld ingesluit).
Ons reis verder na **Brno**. Ons besigtigingstoer sluit die gotiese Spilberk-kasteel (toegangsgelde ingesluit), stadsaal, katedraal en *Zelny Trh Square* (die middelpunt van die stad sedert die Middeleeue) in. Oornag en aandete in die ***Best Western Premier International Brno Hotel.***

**Dag 11: Donderdag, 22 September** **BRNO → TELC → PRAAG**
Na ontbyt reis ons verder deur hierdie interessante land. Ons besoek **Telc**, ook 'n UNESCO wêrelderfenis-gebied. Sien die pragtig bewaarde gotiese, barok en Art Nouveau wonings. Besoek ook die besondere kasteel met sy tipies Engelse tuin (toegangsgeld ingesluit).
Vroegmiddag arriveer ons in **Praag**, die hoofstad van die Tseggiese Republiek en een van Europa se bes bewaarde juwele! Ons bly die volgende twee nagte oor in die sentraalgeleë ***Botanique Hotel***. Die hotel is naby die Palladium-winkelsentrum en 15 minute se stap na die hartjie van die ou stad geleë.
Om 15:00 kom ons in die hotel se voorportaal bymekaar om hierdie interessante stad te verken. Aandete om 19:00 in ons hotel.


**Brno met sy indrukwekkende Spilberk-katedraal**


**Die hartjie van Praag se ou stad**

**Dag 12: Vrydag, 23 September** **PRAAG**
Na ontbyt vertrek ons per bus vir 'n voldag-besigtigingstoer van die stad. Ons begin ons toer by **Stare Mesto**, Praag se ou stad. Sien *Republic Square*, die Munisipale Huis, die *Powder Tower* en Stadsaal, bekend vir sy besondere astronomiese horlosie. By die stadsplein het ons geleentheid om te sien hoe wonderlik die geboue, wat Middeleeuse-, Barok- en Rococco-argitektuur kombineer, deur die eeue heen behoue gebly het.
Vanmiddag besoek ons **Mala Strana** – 'n interessante barok-buurt. Stap oor Praag se ikoniese brug, die *Charles Bridge* (gebou in 1357 en versier met Barok-beelde) na Kampa-eiland. Besoek onder andere die *Church of Our Lady of Victory*.
Ons besoek ook die **Hradcany-distrik** en die Praag-kasteel-areas (toegangsgeld ingesluit). Ons stap na die manjifieke *Loreta Square* en besoek daarna Praag se imposante Kasteel en die *St Vitus Katedraal*. Die **Praag Kasteel** is die grootste kasteel in die wêreld. Die kasteel omvat die 600-jaar oue *St Vitus Katedraal*, die *Old Royal Palace* en verskeie kapelle en tuine.
Om 19:00 geniet ons saam 'n afskeidsete na 'n wonderlike toer!

**Dag 13: Saterdag, 24 September** **PRAAG**
Na ontbyt het ons 'n laaste oggend om hierdie besondere stad te ervaar. Ons het vrye tyd vir verdere besigtiging of inkopies! Vroegmiddag vertrek ons na die Praag-lughawe vir ons vlug terug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

**Dag 14: Sondag, 25 September** **→ JOHANNESBURG/KAAPSTAD**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike twee weke in ***Duitsland, Pole en die Tseggiese Republiek***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995

## INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in die ekonomiese klas vanaf Johannesburg na Berlyn en terug vanaf Praag na Johannesburg. Daar is 'n bybetaling van R1 050 vir die retoer-vlugkoste vanaf Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer deurentyd, met alle parkerings- en tolgeldkostes.
- ✓ Verblyf vir elf nagte in uitgesoekte, sentraalgeleë vier-ster hotelle soos in die reisplan beskryf.
- ✓ Portiergelde by hotelle.
- ✓ Volle ontbyt elke dag en nege aandetes.
- ✓ Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Besigtigingstoere met plaaslike Engelssprekende toergidse in Berlyn, Dresden, Wroclaw, Auschwitz, Krakow en Praag.
- ✓ Besoeke (met toegangsfooie ingesluit) aan Auschwitz Birkenau en die Wieliczka Soutmyne.
- ✓ Die dienste van 'n ervare Engelsprekende toergids van Duitsland en 'n plaaslike toerleier vir die volle duur van die bustoer.
- ✓ Vir addisionele gemoedsrus is groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** ook ingesluit vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling). Dié reisversekering sluit onder andere die volgende in (met sekere polis-voorwaardes):
  - ❖ *Medical and related expenses (due to illness or injury): R50 million per person, this includes emergency medical and related expenses should a traveler contract the Covid-19 virus during a journey.*
  - ❖ *Additional accommodation expenses incurred as a result of contracting the virus during the journey is also included. Medically required quarantine costs are limited to R2 500 per day (with a max benefit limit of R25 000).*
  - ❖ *International journey cancellation or curtailment: R30 000 per person.*
  - ❖ *Luggage lost or delay: up to R20 000 per person.*

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die voorlopige toerkoste van **R39 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Augustus 2021 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- ➢ Visumkoste van ± **R1 400** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met almal se Schengen visumaansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf.
- ➢ Ten einde in Europa te kan toer, moet alle toerlede ten volle ingeënt wees teen Covid-19.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang, beloop **R7 280**.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Ten minste 36 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R5 500** moet so gou as moontlik vereffen word.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 11 Junie 2022** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

| | | |
|---|---|---|
| Nedbank: 119 1533 964 | Tak: *George* | Takkode: 198 765 |
| Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* | Tipe rekening: Besigheids | Verwysing: POLE/ en u van |

Kontak die toerleiers, ***Gerhard of Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400  *Faks nr:* 086 733 8987  *E-pos:* info@vandyktours.co.za



**Die onvergeetlike *Charles Bridge* in Praag**